# Hoofstuk XIII

..............

## Kritiese Samevatting

### 1.Die Republikeinse Periode 1875-1900.

#### a. Die eerste skole 1875-1892.

Christiana het die setel van die Bloemhofse distrik geword in 1870 en hoewel die dorpsterrein en die omgewing nog in dieselfde jaar die eerste diamantdelwers aangetrek het,het die bevolking sò stadig toegeneem dat 18 jaar verloop het voordat die eerste skool op die dorp geopen is. In die streek suid van Christiana is geen skool wat van noemenswaardige invloed kon gewees het,gestig nie.Die onsekerheid t.o.v. die suidwestelike grens moes die grondoorsaak hiervoor gewees het en die vyandige houding van die inboorlinge kan as die tweede oorsaak aangevoer word,want nà die oorlog teen Massou in 1885 het die aantal skole in die westelike gedeelte van die distrik toegeneem.Noord van Christiana is die eerste skool op Bloemhof geopen en hoewel dit slegs sporadies bestaan het,het die belangstelling elders opgeflikker en gelei tot die stigting van skole op die volgende plase : Panfontein (1888),Nolsepan(1888) Gersonskraal(1889),Palmietfontein(1890) en Rietfontein (1891).Nadat die Koranas as gevaar vir die rustige boerelewe uitgeskakel is,is voorsiening gemaak vir onderwys op Guldenskat(1888),Paardenfontein(1889),Olievenfontein(1889) Paardenfontein(1889) en Palmietfontein(1890).

Die verspreide bevolking,hulle trekgewoonte (dikwels noodgedwonge) en hulle betreklike armoede het die instand-

houding van skole byna onmoontlik gemaak.Om soveel leerlinge byeen te bring dat die inskrywing 'n skool kon regverdig en die onderwyser vergoed kon word,moes die ouers naaste aan die skool inwoning verskaf.Hierdie dienste moes in geld of waarde vergoed word en soos Van Bergen in Julie 1883 die Superintendent berig het,het die onkoste sowat £3 per kind per kwartaal beloop.Die getal leerlinge in die plaasskole was klein en net die skool op Christiana het voor 1890 genoeg kinders getel om 'n tweede onderwyser te regverdig. Hierdie omstandighede het saamgewerk om die peil van die onderwys laag te hou,veral waar nie een van die onderwysers gesertifiseer was nie.

b. Die Mansvelt-regime 1892 - 1900.

Mansvelt se organisasie van die onderwys is gekenmerk deur 'n strewe na deeglikheid en grondigheid in al die vertakkings van die administrasie ; nie alleen is gereëlder inspeksies verseker nie,maar skole is beter voorsien van ameublement.

Die oplewing op onderwysgebied wat gedurende die laaste dekade van die negentiende eeu plaasgevind het,is egter nie tot dieselfde mate in hierdie gebied weerspieël nie.Die aantal skole en hulle inskrywing het tot in 1897 verminder Hierdie vermindering het die Superintendent toegeskrywe aan die feit dat die skole "een meer duurzaam bestaan krygen,dat ze,zooals onze burgers het noemen,meer staande scholen worden."[1] Die volgende jaar het hy die agteruit-

1. Verslag van den Superintendent van Onderwys betreffende het Gesubsidieerde Onderwys in de Z.A.R.1897

gang ook toegeskrywe aan die ontbreking van die "partikulier inisiatief" wat baie nodig was omdat bepaalde distrikte, waaronder Bloemhof gesorteer het, in die agterste rye gestaan het wat die onderwys betref het.

Aan die einde van die republikeinse periode het slegs een regeringskoolgebou in hierdie gebied bestaan en wel die een wat in 1898 op Christiana opgerig is. Ons kom gevolgelik baie sterk onder die indruk dat die onderwysgeriewe vir die plaasskole tydelik van aard gebly het. Om die skole 'n permanente karakter te gee, was dit nodig om skole, losieshuise en onderwysserswonings op te rig. In die heersende omstandighede moes die reisende onderwyser 'n vername plek gevul. Die enigste gesertifiseerde onderwysers was gestasioneer op Christiana kort voor die uitbreek van vyandelikhede en Pearson was die enigste aan wie 'n honorarium vir sy verdienste toegeken is. Te meer, van die distrikskole sou moes sluit as die betrokke onderwysers nie gewaarsku is om die peil van hulle werk te verbeter nie.

2. Die tydperk 1902 - 1945.

a. Herstel en vordering.

Die eerste jare na die oorlog was 'n tydperk van gestadige herstel. Bloemhof en Christiana het beide met tweemaal soveel leerlinge in 1902 geopen as waarmee hulle in 1900 gesluit het. Hierdie groei word deur die hele gebied weerspieël, want aan die einde van 1907 het die inskrywing in die Bloemhofse skoolraadsgebied tot 662 gestyg.

Die onderwyswet van 1907 wat skoolbesoek vir kinders tussen 7 en 14 jaar verpligtend gemaak het, skoolrade en -kommissies in die lewe geroep het, het nuwe belangstelling in die onderwys gewek. Van 8 skole in 1907 het die getal

tot 15 met 750 leerlinge in 1910 opgeskuif.

b. Die dorpskole.

1.Christiana. Die aanwesigheid van delwers in en om Christiana het die inskrywing dikwels laat skommel,maar in die algemeen het dit 'n groei getoon. Die raad het 'n atmosfeer van belangstelling en vooruitgang geskep,maar tekorte aan meubels en geboue en die onontbeerlike samewerking tussen die betrokke liggame en persone het die vergagte uitwerking beskaam .Na die herenigіng van die twee skole het 'n tydperk van vooruitgang ingetree en 'n hoogtepunt in 1918 bereik toe die eerste hoërskool in die verre Suidwes-Transvaal gestig is. Onder die bekwame leiding van 'n pligsgetroue hoof en 'n entoesiastiese personeel het die skkol 'n tydperk van merkwaardige groei belewe.

Die voortsettingsklasse wat aanvanklik op 'n mislukking uitgeloop het,het in 1926 herlewe en gelei tot die stigting van die Handelskool en die Hoër Huishoudskool wat die betekenis van Christiana as opvoedingsentrum aanmerklik verhoog het.

Die laerskool het na baie jare eindelik genoegsame vloerruimte verkry.Die verdwyning van die delwerselement het die skool 'n bestendiger inskrywing besorg en die skoolbesoek het na die dertigerjare soveel verbeter dat dit tans (1954) niks te wense laat nie. Die inrigting het tred gehou met ontwikkelings op onderwysgebied en beskik oor 'n eie biblioteek,filmoteek,rolprent- en strokiesfilmprojektors. Die inrigting was in diè opsig gelukkig dat dit oor 28 jaar slegs viermaal 'n verandering van prinsipaal gehad het.

11.Bloemhof.Hierdie skool het vir enige jare na 1902 byna geen groei getoon nie,maar na 1911 het die inskrywing opgeskuif tot 'n hoogtepunt waar dit die 600 merk oorskry het.Na omstreeks 1930 het die skool weinige invloed wat aan die trekkende delwersbevolking toegeskrywe kon word,ondergaan.Toe sentralisasie deurgevoer is met motorvervoer was hierdie skool in 'n gunstige posisie,want dit was diemiddelpunt vir die sametrekking van die leerlinge aan die skole op Rietfontein,Greenwood en Palmietfontein. Die bestendige inskrywing van die afgelope 20 jaar het die inrigting goed te staan gekom.Nadat die skool vir jare slegs tot st. VII sy leerlinge kon behou,is 'n st.VIII en daarna ook 'n st.IX-klas toegestaan.Wanneer die nodige koshuise opgerig is,sal die inrigting ontwikkel tot die stadium waar dit op 'n eie middelbare afdeling aanspraak kan maak en die moontlikhede van 'n eie hoërskool is sekerlik nie uitgesluit nie.

c. Die delweryskole .

Al sou dit die voorneme van die raad gewees het om sy beleid van desentralisasie op 'n geleë tydstip met sentralisasie te vervang,moes dit hiervan afsien want die delwerye het hulle partikuliere eise gestel.Die onderwysowerhede moes gevolglik herhaaldelik toegee aan die versoeke van die raad om nuwe delweryskole op te rig ; die paddastoeldorpies,waar slegbehuisde delwers tydelik gewoon het, moes van onderwysgeriewe voorsien word om te verhoed dat die kinders nie heeltemal aan die euwels van leeglê,onsindelikheid,sedelike agteruitgang en verwaarlosing oorgelaat word nie.

Tussen 1911 en 1926 is 16 verskillende delweryskole,of skole wat grotendeels van die delwerskinders vir hulle bestaan afhanhlik was opgerig. Hulle totale inskrywing kan nie op 'n bepaalde tyd vasgestel word nie,maar veral gedu-

rende 1917 tot 1924 moes die persentasie delwerskinders in die distrik baie hoog gewees het.

Die peil van die onderwys aan hierdie skole kan nie nagegaan word nie aangesien die offisiële stukke van die merendeel verlore gegaan het,maar uiteraard moes die onderwys mank gegaan het aan die volgende swakhede : die skommelende inskrywing, swak skoolbesoek en die tydelike benoeming van die onderwysers.

Slegs twee van hierdie skole,nl. Avondster 331 en Kuilfontein het 'n bestendiger karakter aangeneem met die gevolg dat toe die tyd aangebreek het dat die tydelike skole opgeneem moes word in sentrale skole, het die delwerselement van die toneel verdwyn.

d. Die plaasskole. Van 5 in 1902 het hulle getal tot 8 in 1906 en 18 in 1924 gestyg,maar daarna tot 16 in 1930 en 12 in 1936 gedaal. Hulle was meesal tweemanskole,maar in 1910 het die eenmanskole op 7 te staan gekom.[1]

Gedurende die na-oorlogse jare was die skoolbesoek in die algemeen onbevredigend, nie alleen omdat die ouers die kinders tuis gehou het om noodsaaklike werk te verrig nie, maar ook omdat die skole dikwels weens vol spruite onbereikbaar was en die kinders dikwels lang afstande op donkies tussen huis en skool moes aflê.Mettertyd het hierdie toestand soveel verbeter dat een van die distrikskole tans die hoogste persentasie jaarlikse skoolbesoek aantoon.[2]

Die peil van die onderrig het gewissel van baie goed

---

1. Jaarverslae en notules van die Bloemhofse Skoolraad.
2. Informasie verskaf deur die buitemuurse beampte van die Wolmaransstadse Skoolraad.

tot onbevredigend,veral waar skole vir lang tydperke deur ongekwalifiseerde onderwysers bedien is. Groeponderwys moes noodwendig deurgevoer word,maar die feit dat leerlinge in klein skole in die klas van dieselfde onderwyser vier jare deurgebring het,het ook sy voordele gehad.

## e. Inspekteurs ,skoolraad en kommissies

i.Na die herstelling van algemene onderwysgeriewe in 1902 het die skole van die Bloemhofse distrik onder die inspeksiekring van Klerksdorp geressorteer,maar sedert 1907 is die suidwestelike kring met Wolmaransstad as hoofkwartiere ingestel. Die Christianase skole en hulle wat nader aan die wesgrens opgerig is,was aan die uithoeke van die kring geleë. Ten spyte van hierdie nadeel het die skole van hierdie streek taamlike gereelde besoeke van die inspekteurs ontvang,sommige soveel as drie in dieselfde jaar.[1] Een van die bekwaamste en gewildste inspekteurs was die heer P. Imker Hoogenhout wat tussen 1921 en 1927 die voortou op onderwysgebied geneem het. Die notules van die T.O.-kringsvergaderings wat op Bloemhof en Christiana gehou is,getuig van sy opregte belangstelling.Jaarverslae het gereeld op die hartelike samewerking tussen inspekteur,skoolraad, kommissies en onderwysers gewys.

ii. Sedert 1908 het die Bloemhofse skoolraad uit 9 lede bestaan en is aanvanklik deur 'n deeltydse sekretaris bedien.Voor die totstandkoming van die raad van Schweizer-Reneke het die Bloemhofse raad ongeveer 3,000 vierkante myle beslaan en die lede wat die verste van Christiana,die permanente setel van die raad,gewoon het,moes sowat 60 myl aflê om die maandelikse vergadering by te woon. In sy rapport van 1907 het die Direkteur gekonstateer dat vergaderings soms 5.6 en selfs 7 uur geduur het[2], maar die

1. Joernaal van die Cawood Hope Skool. 14 Nov. 1923
. . Jaarverslag 1923, 121
2. Report for the Year 1907, 11

Bloemhofse raad het tussen 1908 en 1924 selde 'n vergadering gehou wat minder as twee dae geduur het. Tussen 1916 en 1924 het die notules gewoonlik 20 tot 30 bladsye beslaan met die gevolg dat die vergadering van die eerste dag aan die behandeling van die notule van die vorige vergadering gewy is. Hierdie werksaamheid was nie net die gevolg van toewyding aan hulle ongesalarieerde diens nie, maar ook omdat hulle van oordeel was dat alle aspekte van die onderwyssaak in elke skool en selfs roetinesake soos die verlof van onderwysers, die inhoud van elke kwartaalstaat en die skoolbesoek, die aanstelling van onderwysers, inspekteurapporte, ens. hulle aandag geniet het.

Die raad het sy besprekings op waardige toon gevoer en dit was selde nodig om 'n besluit te herroep ; sy doelbewustheid het hom gelei om sy beleid deur te voer en het daardeur leerkragte, ouers en amptenare vertroue ingeboesem.

As een van die raadslede uitgesonder mag word vir sy aandeel aan die bevordering van die onderwyssaak, is dit ds. le Clus wat talle afvaardigings gelei het, vir 39 jaar op die raad gedien het (ongeveer die helfte van die jare as voorsitter), en nog tyd gevind het om die Bloemhofse skool as voorsitter van die kommissie te dien, as onderwyser van die voortsettingsklasse op te tree en nie selde die werk van die skoolkommissie verrig het.

iii. Behalwe die dorpskole, Bloemhof en Christiana, wat kommissies van 7 lede verkies het, het die buiteskole kommissies van 5 lede gehad.

Soos in die geval van die raad het skoolkommissies aanvanklik nie die perke van hulle magte en voorregte besef nie, met die gevolg dat daar vertraging in die uit-

voering van dringende skoolsake voorgekom het.

Onderwysers en kommissies het soms gebots en dan het die hoof hom dikwels in sy skooljoernaal onthoeser. In die joernaal van die skool op Cawood's Hope het die hoof hom sò uitgelaat : "Broeder,die my moge opvolgen,waak en bid, en wees zo voorzichtig als de slang."[1]

Uit onkunde het kommissies beswaar gemaak teen die vervanging van Hollands deur Afrikaans, teen die verhoging van die ouderdom vir leerpligtigheid,beswaar teen die beginsel van sentralisasie en teëkanting waar dit 'n tydjie van die leerlinge se lesuur in die skooltuin geverg het.

Goedingsligte kommissies het baie verdienstelike werk verrig soos op Avondster 238 waar ouers en kommissie op eie inisiatief 'n koshuis opgerig het. Onderwysers kan getuig van die ondersteuning wat hulle te beurt geval het waar kommissies die breë werk van die opvoeding gerugsteun het en van die goeie invloed wat uitgegaan het deur samewerking tussen huis en skool.